



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 30 Januarie 2020

Gedagte van die week:

Ek kan nie die wêreld verander nie, ék kan verander, en dan verander die wêreld.

Teks van die week:

1 Kor 1:18-31

Meditasie uit die Woord:

Ek hou baie van hierdie teks. Ek sien Jesus vir ons ondeund oogknip en ons nooi om saam met Hom die “dom” lewe te leef. Dit is die lewe waarin jy alles doen wat die wêreld as “simple and stupid” tipeer. So ‘n Forest Gump tipe lewe. Tweede myl. Ander wang. Genade. Vergewe. Minste wees. Maar ek weet dat mense wat inkoop tot hierdie “dom” lewe het gelukkiger verhoudinge, het minder ongesonde konflik, kan langer uithou in moeilike omstandighede, raak minder ontsteld oor wat om hulle gebeur, reageer nie so vinnig lelik wanneer hulle uitgelok word nie. Dit is volgens die wêreld “dom” en “simple and stupid”, maar sjoe dit is bevrydend en vreugdegewend en hoopskeppend. Ongelukkig kan ‘n mens diegene wat vasgevang is in die wysheid van die wêreld nie daarvan oortuig nie. Daar moet eers iets met hulle gebeur en dan in hulle gebeur voordat hulle gereed is om hierdie “dom” lewe te aanvaar as die slimste lewe. Vra maar vir Paulus. Hy sal jou vertel. Daar moet eers iets gebeur. Eers ‘n kruispad, dan die kruislewe.

Meditasie uit die lewe:

Ek sit Donderdag in ‘n koffiewinkel in Wellington. Ek is in gesprek met iemand en ons praat oor mense se verstaan van wat dit beteken “om dit te maak” in die lewe. Teen die een muur van die koffiewinkel is ‘n groot muurskets. Dit word vir my in daardie oomblik die simbool van lewe. Ek is ‘n kwas in die hand van die Skilder. Hy verf met my en deur my. Ek kan nie die prent sien nie, want ek is heeltyd té naby aan die lewensmuur. So nou en dan staan die Skilder terug en bekyk die prent van ‘n afstand en dan sien ek ook vir ‘n kort oomblik wat geteken is. Dit verbaas my. Ek het nooit besef dat dit is waarmee Hy besig is nie. Vir my is “om dit te maak” om ‘n gewillige kwas te wees in die hand van die Skilder. Ek is op ‘n manier onbewus van wat geteken word, maar seker dat dit baie mooi en goed gaan wees. Na alles is dit die werk van die Skilder. So niemand het iets om op te roem nie. Die roem is die Skilder syne. Ek verbaas my net elke dag vir wat God met en deur my doen. Ek is só ‘n tevrede en gelukkige kwas in die hand van die Goeie Skilder. Hy maak dit met my!

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net ‘n epos wat lui “kanselleer nuusbrief” na ngkagterpaarl@telkomsa.net